# NAGMAAL

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## 'n Ewige Verlosser aan 'n moeder beloof

**Skriflesing**:
Genesis 3:1-24

**Teksvers**:
Genesis 3:15

**Sing**:
Ps 81:1, 12
Ps 2:4, 6
Ps 23:3
Ps 118:1, 2...
Ps 33:5, 6, 11
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Van kleins af leer ken ons die woorde van Genesis 3:15 as die moederbelofte. Dit is die grootste en die eerste belofte aan die mens na die sondeval.
Dit is tog vreemd dat die belofte nie aan Adam, die mens nie, maar sy vrou mannin gemaak word. Dit is 'n belofte aan 'n moeder, wat nog nie 'n moeder is nie. 'n Ewige belofte. Uit die nageslag van die vrou, sal die Verlosser kom wat die slang se kop vermorsel.
Daarom hernoem die mens sy vrou. Mannin kry 'n nuwe naam, Eva, met die oog op die belofte van lewe. Ons staan vandag stil by die fondament van God se verbondsgemeenskap met die oog op die nagmaal.

**SONDAGAAND 18:00**

## Kinders van God, roep Hom gerus aan as '*ons Vader*'!

**Skriflesing**:
Jesaja 63:16
Matteus 6:5-13
1 Johannes 3:1,2

**Teksvers**:
I Johannes 3:1a

**HK** Sondag 46

**Sing**:
Ps 100:1-4
Sb 10-1:1-4
Sb 17-3: 1,2
Ps 118:1, 12...
Ps 33:11
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Dit is opvallend dat alhoemeer mense die gebruik van God se eiename vermy. Dan hoor ons hulle "van" God praat as die Opperwese of Die Een Daarbo of soortgelyke terme. Dit getuig natuurlik dat so 'n mens God nie meer persoonlik ken en waarskynlik nie meer gereeld aanroep nie.

So was dit ook al in Jesus se tyd dat mense bang was om "met" die heilige God te praat. Nog minder was dit gepas om "God as Vader" aan te spreek! Jesus leer ons egter om op 'n persoonlike en intieme wyse met die Here self te praat. Ja, jy mag sy vader aanroep as jou Vader!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 48 Nr 02 22 Januarie 2023**


## Verbondsgemeenskap

Gemeenskap en verbond loop hand aan hand. God bestaan reeds voor die skepping in 'n gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Omdat God 'n God van gemeenskap is, skep Hy ook die mens in gemeenskap met Homself.

God maak die mens deel van Sy gemeenskap. Dit is die doel van die mens se bestaan, om in gemeenskap met God drie-enig te leef. Hierdie gemeenskaplikheid met God is egter nie 'n eksterne of uiterlike gemeenskap nie, maar innerlik.

God skep die mens na sy beeld. Die mens ontvang 'n gemeenskaplike beeld van God. God blaas in sy neus die asem van die lewe. Dit is die inwoning van die Heilige Gees. Nou kan die mens God se wil uitvoer en ewig met God in gemeenskap leef. Daarom die opdrag: bewerk en bewaak.

Om te werk is nie 'n vloek nie, maar 'n Goddelike roeping. Dit is by die bewaak deel waar die mens en sy vrou hulle roeping versaak. Deur die sonde verbreek die mens se gemeenskap met God. Die Heilige Gees kan nie langer in die mens woon soos voor die sondeval nie.

Om hierdie verhouding te herstel, maak God 'n verbond met die mens. Die fondament van daardie verbond word gebou op die moederbelofte van Genesis 3:15. Daar sal Een wees uit die nageslag van die vrou, wat die slang se kop sal vermorsel.

God sal self voorsien om die sonde en die dood, wat deur die sondeval gekom het, te vernietig en te oorwin. Telkens sien ons hoe God dan die mens kom opsoek om in gemeenskap met Hom te leef. Noag, Abram, Isak, Jakob, Moses (Levi), Dawid.

God se beloftes bind geslagte aan mekaar. Deur geloof word hierdie beloftes vervul.

Hierdie is egter nie verskillende verbonde nie, maar een verbond met verskillende bedelinge. Ons gaan vervolgens deur die kwartaal stilstaan by die betekenis van elkeen van hierdie bedelinge met die vervulling in Christus.

Mag u daardeur sien hoe God Homself deur die geslagte in verbondsgemeenskap stel, met sy kerk wat Hy losgekoop het, om weer in gemeenskap met Hom te leef.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 1, Ps 8:1,12 Volgende week: Les 2, Ps 8:1,12

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Mukhanyo student

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| Kerk se bankbesonderhede: | Inbetalings vir die Diakonie: | Inbetalings vir die Susters: |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Emeritering? Nie nou nie.** Broers en Susters. Die kerkraad het as deel van hulle beplanning vir die toekoms, met Ds. Maarten en Ds. Gerrit gesprekke gevoer oor hulle emeritering. Die kerkraad wil die gemeente graag meedeel dat op die stadium hulle albei aanbly as predikante in GK Centurion. Daar sal op 'n jaarliks basis met hulle in gesprek getree word om die status quo te bespreek. Ons bid dat die Here hulle sal seën met goeie gesondheid en ywer om hulle liefde vir die Here en hulle werk sorgvuldig te kan uitvoer.

Seënwense. Bedieningskommissie Voorsitter

**Onthef van die Roeping as:**
Ouderling: Tinus Nel, Bennie Kotze
Diak: Manie van Antwerpen
**Ontslag** word toegestaan aan Oudl Jan-Louis Bezuidenhout

## Attessake soos op 19 Januarie 2023

**Met attestasie aangesluit**
Annatjie de Jonge vanaf GK Pretoria (A14)
Francoise Venter vanaf GK Pietersburg (C)
Johan en Lumari Swanepoel vanaf GK Potgietersrus (B)
Riaan en Isobel Prinsloo vanaf GK Meyerton (B)
Jacques en Loura Jansen van Rensburg en 1dooplidmaat vanaf GK Hartbeespoort (B)
Danie en Linamay Slabbert en 2 dooplidmate vanaf GK Pietersburg (B)
Ruan en Candice van Niekerk vanaf GK Brits (E01)
Frank Linde vanaf GK Kimberley (C)
Ria Pretorius vanaf GK Potgietersrus (A)

**Met attestasie vertrek**
Wikus en Ciska Zaayman vertrek na GK Port Elizabeth (C10)
Chantelle Zaayman vertrek na GK Port Elizabeth (C10)
Helena de Beer vertrek na GK Hermanus (A07)
Johan en Annerie Nöthling en 2 dooplidmate vertrek na GK Silverton (A11)

**Lidmate opgeneem**
Petro du Plessis vanaf NG Sesmylspruit (A07)




**Gee jou naam op by Rika Kruger onder die Olyfboom**

# Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

## Hoe kan gelowiges voorkom dat hulle in hul geloof-entoesiasme en geloofsekerheid ondermyn word?

2 Petrus is 'n brief van die apostel Petrus kort voor sy dood. Dit is eintlik 'n geestelike testament wat hy nagelaat het. In hierdie testament gee hy aan sy lesers op verskeie wyses leiding wat hulle moet doen om nie in hulle geloof te verflou of onseker te raak nie. Ons beplan om in ses Bybelstudie sessies in besonderhede aandag te gee aan hierdie testament.

**Begin datum: 7 Februarie 2023**

**Almal welkom**

**Plek**: Geref Kerk Centurion


Basdenlaan 226, Lyttelton

**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30

**Koste**: R100 pp

**Aanbieder**: Dr Douw Breed

**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)/Hein Kaiser 0827727718




Beskikbaar by kerkkantoor
@
R120,00

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin **14 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Gerrit 082 964 5595/

Kerkkantoor 012 664 2614



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22-Jan | Janina | de Beer | B03 | 27729424218 |
| | Mariana | Pelser | B15 | 27826544789 |
| | Koos | van Zyl | B05 | 27825795853 |
| 23-Jan | André | Kirsten | C14 | 27845133995 |
| | Lirieka | Rousseau | B12 | 27849523386 |
| | Baby | Viljoen | A06 | 27837787870 |
| 24-Jan | Leandrie | Niehaus | A12 | 27820604409 |
| | Pieter | Roos | A15 | 27832083206 |
| | Henk | Sweers | A05 | 27795866071 |
| | Nicolai | vd Merwe | B06 | 27613541795 |
| 25-Jan | Gert | Boshoff | B14 | 27832826560 |
| | Cimel | du Toit | C10 | 27827287312 |
| | Johan | Kornet | A04 | 27825761900 |
| | Mattie | Reynecke | B07 | 27828215893 |
| | Bennie | v Nieuwenhuizen | C08 | 27764029885 |
| | Liana | van Rooy | B02 | 27716000368 |
| 26-Jan | Cobus | Viljoen | C08 | 27794560586 |
| 27-Jan | Jan | de Lang | C14 | 27724582453 |
| | Annelie | Louw | C10 | 27796910128 |
| | Hermien | Prinsloo | C13 | 27832855464 |
| | Philip | Vorster | A17 | 27834175655 |
| 28-Jan | Thinus | de Klerk | A04 | 27834414301 |
| | Lindie | de Souza | A11 | 27797329729 |
| | Dirk | Klöckner | E01 | 27822163768 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23-Jan | Wilmari | Hoffmann | A02 | 27832001907 |
| | FC | Louw | C14 | 27824189113 |
| | Theo | Zeevaart | B15 | 27814765585 |
| 25-Jan | Dewald | Beumer | A09 | 27834418095 |
| | Michiel | Bezuidenhout | B03 | 27835655789 |
| 26-Jan | Leané | Human | C03 | 27820967678 |
| 28-Jan | Klara | Jooste | C06 | 27720429738 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Henda Vreugde sterk aan na 'n heupoperasie (B7—640 4077).
- Pedré Pienaar sterk aan na 'n operasie (B13—082 561 8300).
- Willem Myburgh sterk tuis aan na 'n operasie (B11—081 361 5936).
- Hermien Prinsloo het toetse vir haar nek ondergaan (C13—083 285 5464).
- Marieta Fourie sterk tuis na 'n operasie (B7—644 1117).
- ***Meelewing*** word betuig met:
- Jan en Charvette Reesink en familie na die afsterwe van Jan se vader.
- Marinus en Esther du Plessis en familie na die afsterwe van Esther se moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Geluk*

Hans en Lucia met die geboorte van Hans Stronkhorst gedurende die vakansie.

# *Nagmaal*

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word vandag tydens al drie ons eredienste gevier.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Meenthuis te huur**, Lyttelton R9700pm W&L uitgesluit. 3Sk, studeerkamer, sit-eet kamer, 2 bk, 2 mh, stoep en klein tuintjie. Onmiddellik beskikbaar. Theo Westervelt 0824118946.

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

Kan ek toesien tot die registrasie van u huisoordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie oordragprokureur aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00 vir 18:30

- - - - - -

**Tema bespreking** vir Juventus en Ouventus op Sondagaand, 29 Jan:

*Ek en my toep, bronne vir Bybelstudie*

- - - -

**Alle jong werkendes** met of sonder kinders word uitgenooi na ons Gemeente kuier (Ouventus afskop).

## Pastorale versorging kursus

Die Gereformeerde Kerk Centurion in samewerking met Expando bied 'n gratis 7 weke kursus aan in Pastorale Versorging.

Die kursus word aangebied deur Prof Gert Breed wat intens betrokke is by pastorale begeleiding. Prof Breed het onder andere Pastorale Berading by die NWU aangebied vir 10 jaar en is steeds betrokke by die begeleiding van studente om te breek met verslawende gewoontes.

Hy het 'n pastorale model op grond van God se Woord ontwerp wat die basis van die kursus sal vorm.

Die kursus is vir enige gelowige wat graag op 'n sinvolle manier met ander gelowiges, familie, vriende, vreemdelinge of kollegas met probleem emosies en optredes wil gesels vanuit die Woord.

Die aanbieding vind elke Maandag plaas vir 7 weke en skop af op **30 Januarie 2023**. Prof Breed sal in persoon die aanbieding behartig by die Gereformeerde Kerk Centurion.

Daar sal ook 'n regstreekse uitsending van die aanbieding plaasvind vanaf die gemeente se webblad, gkcenturion.co.za

Enigeen is welkom om dit by te woon of aanlyn saam te luister.

Kontak gerus vir Ds. Lourens Venter van die GK Centurion vir enige navrae by 082 529 2330





## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**8 Feb** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773**

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**22 Jan**

Tieners en Juvetus

**29 Jan**

| | |
|---|---|
| Anika Lindeque | Blok A |
| Petra Terblanche | Blok B |
| Marietjie Smit | Blok C |

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop 'n okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings-fasiliteite nie en bepalings geld vir persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit: 2 slaapkamers, 1 badkamer, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Apr 2023. Die rigprys is R850 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Die eenheid gaan in sy geheel opgegradeer word en die moontlikheid bestaan om veranderings op eie onkostes, na oorleg en goedkeuring van die bestuur, aan te bring. 'n Voorbeeld is om die badkamer te omskep in 1½ badkamer.

Die eenheid is $108m^2$ en die maandelikse heffing is R1 496 plus u maandelikse kraggebruik en munisipale heffings. Watergebruik is reeds ingesluit in die genoemde heffing.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter 071 403 4143 (op terrein) of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 6 Februarie 2023**